3 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:1-6**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:1-2

Briewe van Christus

Ons het vandag duisende geskrifte wat deur die mense van ouds geskryf is, maar nêrens het ons ’n stukkie papier of iets met Jesus se handskrif daarop nie. Tog staan hier in vers 3 dat Christus ’n brief geskryf het wat almal kan sien en lees. Hierdie brief is sy kerk. Dit is nie ’n gewone brief nie, want Hy het hierdie brief op menseharte geskrywe (vers 3).

Hoe het Hy dit gedoen? Nie met gewone pen en ink nie. As pen gebruik Christus die dienswerk van sy apostels. Nie net hulle nie, maar elke ander dienskneg ná hulle, is soos ’n pen in die hand van die Here. Christus maak hierdie penne vol met presies die regte ink: sy Heilige Gees. Vol van die Heilige Gees skrywe die Here se diensknegte sy woorde in menseharte.

Watter woorde? Ongetwyfeld geloofswoorde, maar veral woorde wat sê aan wie ons behoort. In Openbaring 14:1 hoor ons dat ons in die voleinding op die berg Sion sal saamkom, met die Naam van die Lam en van sy Vader op ons voorkoppe geskrywe. Ons is gewaarmerk as sy eiendom, duur gekoop met sy bloed.

Watter heerlike troos is dit nie en watter geweldige verantwoordelikheid. Ons behoort aan Hom, maar juis daarom moet ons sy Naam waardig wees. Alles wat ons doen en sê moet ’n duidelike brief wees vir almal om te lees en te weet: Waarlik, hierdie mens behoort aan Christus. Is jou lewe ’n duidelike brief van Christus?

Sing: Psalm 45:1 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)